Akademie Reformia
Soli Deo Gloria

✉ 483, THORNHILL PLAZA 0882
☎ (015) 296 8812 / 🖷 *(015) 296 8801*
e-pos: admin@akademiereformia.co.za
EMIS - nommer: 0904225655
Registrasienommer: 2010052
UMALUSI Akkreditasie: 17SCH0100246

18 Oktober 2019

Nuusbrief

Uit die Hoof se pen:

As gelowige ouers glo ons dat ons die primêre opvoeders van ons kinders is en dat die skool die waardes en opvoeding wat by die huis begin, voortsit. Ouerhuis en skool staan in 'n vennootskap om uitnemende Christelike opvoeding vir ons verbondskinders te bied deur hulle toe te rus vir die toekoms wat God vir hulle voorberei het.

Ons skool was gestig op die basis dat God aan ouers die verantwoordelikheid gegee het om hulle kinders groot te maak. Ouers vorm 'n spesifieke lewensbeskouing, bou karakter, en stap saam met die kind 'n bepaalde pad.

Gedurende die leerlinge se tyd by Akademie Reformia is dit elke ouer en leerkrag se opregte wens dat ons leerlinge ten volle toegerus word vir elke goeie werk waartoe hulle geroep is. Dit is veral die volgende twee punte wat vir ons van groot waarde is:

- die skep van identiteit;
- en die ontdekking van gawes en talente.

Gedurende die vormingsjare van ons kinders is dit belangrik dat hulle eerstens besef wie hulle is en wat hulle identiteit is. Die kind se eie identiteit word eers duidelik wanneer hy/sy 'n bepaalde vlak van Godskennis bereik. Voorgenoemde Godskennis is slegs moontlik wanneer daar eerstens 'n Bybel-gefundeerde kurrikulum gevolg word en tweedens wanneer die Woord van God by die huis, kerk en skool ingeskerp word.

Die ontdekking van gawes word verwesenlik in die blootstelling aan verskillende vakgebiede sowel as 'n diverse buite-kurrikulêre kurrikulum. Wanneer leerlinge hulle gawes ontdek en vasstel wat hulle talente is, vergemaklik dit die toekomstige taak om beroepskeuses uit te oefen.

By AR word leerlinge gelei tot die besef dat as ons nie vir iets staan nie, sal ons vir enigiets val. Ons is onbeskaamd Christelik in ons perspektief. Ons bied Christelike opvoeding vir kinders van gelowiges en vir die wat streef na tradisionele Bybelse waardes. Of ons leerlinge bestem is om wetenskaplikes, kunstenaars, bouers, tegnoloë, sportpersone of teoloë te word, skep ons die skoolomgewing waar hulle, hulle volle potensiaal kan bereik. Ons kurrikulumstandaard en -ervaring skep die opvoedingsbaan waarbinne leerlinge hulself kan ontdek, definieer en groei.

Akademie Reformia, aan God alleen die eer!

Mnr. D.E.H Combrink - Skoolhoof

Sport

Gedurende kwartaal 3 was hokkie die hoof fokus. Soos oudergewoonte het ons junior fase leerlinge aan mini-hokkie toernooie deelgeneem terwyl die seniors vriendskaplike wedstryde gespeel het. Dit was vanjaar die eerste jaar wat ons 'n seunspan by die O/11 liga ingeskryf het. Die span het baie goed gevaar en het algeheel in die vierde plek geëindig.

Akademie

As verbondskinders streef ons na akademiese uitnemendheid. Die leerlinge het weereens bewys dat hulle uitnemendheid ten doel stel deur vasberade te werk om tot die beste van hulle vermoëns te presteer.

Baie geluk aan elke leerling wat deur harde werk en deursettingsvermoë goed presteer het gedurende kwartaal 3.

Die Gr. 6 en Gr.7 leerlinge het aan die VAW Wiskunde eksterne olimpiade deelgeneem waar die volgende leerlinge goed presteer het: Lukas Van Ree – 88%, Timizanne Andrin - 83 % , Ryan Scott – 83%. Baie geluk.

Kultuur

Gedurende kwartaal 3 het 'n groot aantal leerling aan die Limpopo Eisteddfod deelgeneem. Ons is trots op elke Reffie wat so pragtig deelgeneem het. Ons is veral trots op ons Slagorkes, Junior-, en Senior Ensemble wat almal onderskeidelik met groot goud tekenings weggestap het. Vanjaar was ook die eerste jaar dat talle van ons leerlinge vir die kuns afdeling van die Limpopo Eisteddfod ingeskryf het. Ook daar het hulle goed presteer.

Die WOW-spelfees het te Potgietersrus plaasgevind. Met trots deel ons die goeie nuus dat drie van ons leerlinge, Megan Dun, Jan-Hendrik Hoogendyk en Nienke Pretorius, deurgedring het om in Oktober aan die nasionale finale te gaan deelneem.

Akademie was hierdie jaar die trotse gasheer van die Pietersburg Koorfees waartydens talle van die dorp se top kore deelgeneem het. Ons vertrou dat hierdie geleentheid van krag tot krag sal gaan en dat AR ook op hierdie wyse ons lig kan laat skyn.

Laerskool Revue

Die laerskool se revue tema was 'Eendag as ek groot is". Hier het elke graad die geleentheid gekry om die gehoor te vermaak met sang, dans en dialoog terwyl hulle verskillende beroepe uitbeeld.

Kleinbegin Pre-primêre

Ons kan met trots en dankbaarheid terugkyk na 'n besige en besonder geseënde derde kwartaal by Kleinbegin. Die hoogtepunt van ons kwartaal was voorwaar die kleuterkonsert wat op 28 Augustus plaasgevind het. Dit was harde, maar lekker werk en die kleuters en hul families het die aand terdeë geniet!

Die derde kwartaal is ook die hoogtepunt op ons skool se kultuurkalender. Tydens die jaarlikse Limpopo Eisteddfod het ons Gr. R-maats goeie uitslae behaal met formele voordrag van Afrikaanse poësie. Ons juniorkoor, waarvan ons Gr. R-maats ook deel vorm het uitnemend presteer tydens, nie net die Eisteddfod nie, maar ook met die Koorfees wat deur Akademie Reformia aangebied is. Ons het groot waardering vir Tannie Ans Becker se harde werk en moeite met ons jong kinders.

Die Eisteddfod, koorfees en konsert was maar net deel van hierdie vol kwartaal! Deur die loop van die kwartaal het ons kleuters heerlik gebak-en-brou. Daar was ook wetenskaplesse en skattejag wat deur die personeel aangebied is. Kleinbegin het die aanbreek van lente gevier met 'n piekniek onder die bome langs die rugbyveld. Ons het ons herkoms en kultuur herdenk met 'n vroeë Erfenisdagviering waar ons heerlik bederf is met boereworsrolle, melktert en koeksisters.

Die kleuterskool het verskeie besoekers gehad hierdie kwartaal. Dokter Gustav Erlank en sy span het by die kleuterskool kom kuier en ons meer kom vertel van mondhigiëne, melktande en sommer ook vir ons die Tandfeetjie saamgebring sodat ons haar persoonlik kon ontmoet. Dokter Erlank het ons bederf met geskenkpakkies vir elke kleuter. Ronnie die Renoster het ook by ons kom inloer. Die kleuters het die renoster se manewales terdeë geniet en heerlik saam gesing en dans! Die Gr R-klas het 'n poppekasvertoning bygewoon wat vir die kleuters baie leersaam was.

Laastens, maar beslis een van die lekkerste dae van hierdie kwartaal, was Kleinbegin se jaarlikse inrydag. Die kleuters en hul ouers het ons verbaas met die pragtige motorvoertuie wat hulle uit afvalmateriaal gebou het. Daar was behoorlik iets van alles, van 'n Land Cruiser bakkie tot brandweerwa met regte ligte! Ons hartlike dank aan ons ouers se volgehoue, liefdevolle betrokkenheid by hul kleuters en ons skool.

Daar is ook verdere aandag gegee aan terreinontwikkeling. Meneer Milan Andrin het vir ons nog bome op die kleuterterrein kom plant. Ons is opgewonde en sien uit om die bome te versorg sodat ons toekomstige Kleinbegin maats nog meer skaduwee kan geniet. Die terrein is toegerus met kameras, om die veiligheid van die kleuters te verseker en algehele sekuriteit op ons skoolterrein te verbeter.

Saamgestel deur: Kleinbegin Personeel

Akademie sê totsiens

Die uur het aangebreek waar die skool afskeid neem van twee groot geeste wat diep voetspore tydens die skool se bestaan getrap het. Ons groet aan die einde van kwartaal 3 vir Me Riekie Roets en Me Lacya Labuschagne, wat onderskeidelik 13 en 10 jaar getrou diens by die skool gelewer het. Ons bedank julle vir julle onbaatsugtige diens en onvoorwaardelike opoffering wat julle in hierdie skool en sy leerlinge ingeploeg het. Ons bid julle die Here se rykste seën toe.

Kleinbegin en Laerskool Datums Kwartaal 4

7 Oktober: Skool open

7 – 11 Oktober: Graad 7 Veldskool

17 Oktober: Uitdeel van verslae en oueraand

23 November: Graad R Gradeplegtigheid

4 Desember: Skool Sluit (Kleuterskool en Laerskool)

Ten slotte

Met kwartaal 4 wat aangebreek het bevestig die personeel opnuut hulle toewyding aan onderrig van leerlinge in die lig van God se Woord en wil ons voortbou op die unieke verhoudinge wat daar bestaan tussen ouerhuis en skool. Ons bid elke ouer en leerling 'n geseënde laaste kwartaal toe.

Vriendelike Akademie-groete

MNR. D.E.H. COMBRINK
HOOF: AKADEMIE REFORMIA